

HOE OM AANSOEK TE DOEN



1 Verken jou opsies

Vind uit watter programme ons aanbied.



2 Maak seker jy voldoen aan die kriteria

Sommige programme het 'n uitgebreide keuringsproses.



3 Doen aansoek voor die sluitingsdatum

Aansoeke vir voorgraadse programme sluit op 31 Julie maar daar is ander sluitingsdatums wat ook belangrik is.



4 Maak dit amptelik

Dien jou getekende Studentekontrak in en registreer as 'n Matie!



5 Ons sal jou aansoek oorweeg

Sodra ons jou aansoek en ondersteunende dokumente ontvang, begin ons daaraan werk.



5

6 Volg jou aansoekstatus

Teken in op die Aansoekerportaal om jou aansoekstatus aanlyn te volg.



6

7 Aanvaar ons aanbod

As ons 'n aanbod aan jou maak, moet jy dit teen die sperdatum aanvaar.

Verken jou opsies



Hulpbronne

Het jy meer inligting nodig oor die programme wat ons aanbied? Kyk na **Wat kan ek studeer** op www.maties.com.

[Universiteitskalender](#)

Kontak ons

Bespreek 'n adviseur- of loopbaanvoorligtingssessie by ons Sentrum vir Studentewerwing by csr@sun.ac.za, of skakel 021 808 4709.

Ons wil graag 'n inklusiewe, diverse, en innoverende omgewing skep wat uitnemendheid bevorder en toekomsgerig is.

Minimum- vereistes

Daar is drie fases in ons keuringsproses:

- 1** Jy moet aan die basiese akademiese vereistes vir 'n baccalaureusgraad voldoen.
- 2** Jy moet aan die minimum vereistes voldoen vir die program(me) waarvoor jy aansoek doen
- 3** Jy moet die keuringsproses slaag.

Maak seker jy voldoen aan die vereistes



Algemene vrae

Wat is die minimum akademiese vereistes vir 'n baccalaureusgraad?

Voordat jy by die Universiteit aansoek doen, benodig jy ten minste

- 30% vir 'n Suid-Afrikaanse taal van leer en onderrig (Engels of Afrikaans), en
- 'n prestasievlak van 4 (50%-59%) in vier 20-kredietvakke.

Hoe bereken ons jou Nasionale Senior Sertifikaat gemiddeld?

Hoogste punt in Suid-Afrikaanse taal van leer en onderrig (Afr/Eng) + (5 x beste resultate in 20-krediet vakke uitgesluit Lewensoriëntering en Wiskunde 3 uitgesluit). Daardie totaal gedeel deur 6.



Ons ontvang elke jaar duisende aansoeke, maar ons plek is beperk. Selfs as jy aan al die toelatingsvereistes voldoen, moet jy daarop let dat sommige programme kompetender is en dat ons moontlik nie oor die plek beskik om jou aansoek te akkommodeer nie.

Hoe assesseer ons internasionale kwalifikasies?

As jy met internasionale kwalifikasies aansoek doen, sal ons die nodige berekening en omskakelings vir die spesifieke eksamenriglyne doen.



Hulpbronne

[Toelatingsbeleid](#)
[Toelatings- en keuringsvereistes](#)
[Internasionale kwalifikasies](#)

Maak seker jy voldoen aan die vereistes

Daar is drie fases in ons keuringsproses:

- 1 Jy moet aan die basiese akademiese vereistes vir 'n baccalaureusgraad voldoen.
- 2 Jy moet aan die minimum vereistes voldoen vir die program(me) waarvoor jy aansoek doen
- 3 Jy moet die keuringsproses slaag.

Jy moet dalk die Nasionale Normtoets (NNT) aflê

Die NNT is 'n assesseringstoets wat aangewend word vir eerstejaar aansoekers tot hoër onderwysinstellings. Die toets is assessee assessee 'n kandidaat se vermoë om sy/haar begrip van akademiese geletterdheid (taalvaardigheid), kwantitatiewe geletterdheid (syfervaardigheid) en Wiskunde binne 'n tersiêre (hoër onderwys) konteks toe te pas.



Algemene vraag

Wie moet die NNTs aflê?

- Slegs aansoekers van die School of Tomorrow en aansoekers vir die Fakulteit Regsgeleerdheid. As Wiskunde 'n toelatingsvereiste is vir die program waarvoor jy aansoek

doen moet jy die Wiskundevraestel ook voltooi.

- Indien jy aansoek doen by die Fakulteit Regsgeleerdheid (BA Regsgeleerdheid, BCom Regsgeleerdheid, BRekLLB, LLB (vierjarige)) moet jy die NNT voor 16 Julie aflê.
- School of Tomorrow** aansoekers moet hulle NNTs voor die einde van 2021 aflê om te verseker dat die resultate beskikbaar is voor registrasie.

Besoek www.nbt.ac.za vir verdere inligting oor die NNTs

Sluitings- datums



Algemene vraag

Wat is die belangrike sluitingsdatums vir aansoeke?

Belangrike sluitingsdatums	Open	Sluit
Voorgraadse aansoeke en koshuisverblyf	6 April	31 Julie
Aansoek om finansiële hulp by die US	3 Mei	31 Augustus
NSFAS-beurs aansoeke (NFAS bepaal hierdie datums; nie die Universiteit nie)	1 September	30 November
Aansoeke vir Diploma in Openbare Aanspreeklikheid (Telematiese Onderrig)	6 April	15 Desember

Doen aansoek voor die
sluitingsdatum



Doen aansoek voor die sluitingsdatum

Kies jou program

- Jy kan aansoek doen om tot drie programme van enige fakulteit toegelaat te word.
- Jy sal vir al drie van daardie programme oorweeg word, en indien jy kwalifiseer, kan jy meer as een aanbod ontvang.
- As twee van die programme wat jy gekies het uitgebreide keuringsvereistes het, stel ons voor dat jy 'n derde program kies wat nie op daardie lys verskyn nie om sodoende jou kans te verbeter om 'n aanbod te ontvang.

Programme met uitgebreide keuringsprosesse:

- Alle programme aan die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe;
- alle programme aan die Fakulteit Regsgeleerheid;
- BA (Visuele Kunste);
- BA (Drama);
- alle programme in Musiek;
- BA (Sportwetenskap);
- BSc (Sportwetenskap);
- BEd (Algemene Onderwys en Opleiding);
- alle programme in Ingenieurswese;
- BCom Aktuariële Wetenskap; en
- BCom (Internasionale Besigheid).



Algemene vraag

Hoe verander ek my programkeuse nadat ek my aansoek ingedien het?

Jy moet 'n e-pos stuur aan ons Kontak- en kliëntedienssentrum by info@sun.ac.za. Maar onthou die sluitingsdatums. Sodra aansoeke gesluit het, sal die Fakulteit besluit of hulle steeds jou versoek kan akkommodeer op grond van die aantal plekke beskikbaar.

Doen aansoek voor die
sluitingsdatum

Voltooi jou aansoekvorm

- Jy kan [aanlyn aansoek doen](#).
- Jy sal 'n unieke e-posadres en 'n telefoonnommer moet hê sodat ons jou kan kontak.
- Sodra jy jou profiel geskep het sal die stelsel jou lei om dadelik jou aansoekvorm te voltooi, of jy kan die aansoekvorm later voltooi deur die instruksies te volg in die e-pos wat ons vir jou sal stuur.
- Voltooi asseblief die aansoek noukeurig en maak seker dat jy akkurate inligting aan ons verskaf.



Algemene vrae

Sal ek van voor af moet begin met my aansoek as daar 'n kragonderbreking is terwyl ek aansoek doen? Nee, jy kan weer by die laaste gedeelte wat jy voltooi het begin, maar onthou om die sluitingsdatums in gedagte te hou.

Ek het nie toegang tot die internet nie; hoe kan ek aansoek doen?

Kontak die Kontak- en kliëntedienssentrum en vra hulle om 'n hardekopie aansoekvorm aan jou te stuur. Jy kan hulle by 021 808 9111 of by info@sun.ac.za kontak. Jou voltooide hardekopie aansoekvorm en ondersteunende dokumente moet ons voor die sluitingsdatum bereik. As ons jou aansoek nie betyds ontvang nie, kan ons dit nie oorweeg nie.

Moet asseblief nie 'n hardekopie aansoek invul indien jy aanlyn aansoek gedoen het nie. Indien ons biede 'n digitale en hardekopie aansoek van jou ontvang, sal ons slegs die digitale aansoek oorweeg.

Doen aansoek voor die sluitingsdatum



Laai al die dokumente wat ons nodig het op

- **Wenk:** Maak seker dat jou elektroniese kopieë duidelik en leesbaar is en dat alles op die blad leesbaar is. Indien dit nie is nie, sal ons jou vra om dit weer op te laai, wat jou aansoek sal vertraag.
- Om ons met die verwerking van jou aansoek te help, kan ons jou vra vir verdere oorspronklike of ondersteunende dokumente.
- Indien jy aanlyn aansoek doen sal die stelsel jou vir verdere inligting vra wanneer ons dit nodig het, soos jou akademiese rekords, bewys van betaling van die aansoekfooi (indien van toepassing), en as ons 'n aanbod aan jou gemaak het, jou getekende kontrak.

Hier is 'n lys van die dokumente wat ons benodig:

Nie-akademiese dokumente wat almal moet indien

Akademiese dokumente wat ons nodig het by aansoekers wat [tans in hulle finale skooljaar is](#).

Akademiese dokumente wat ons nodig het by aansoekers wat hulle [finale skooljaar voltooi het](#)

Akademiese dokumente wat ons nodig het by aansoekers wat [tans ingeskryf is vir tersiêre studies](#) (ook by die US)

Akademiese dokumente wat ons nodig het by aansoekers wat 'n [tersiêre kwalifikasie voltooi het](#) (ook by die US)



Algemene vraag

Watter tipe dokumente kan ek oplaai?

pdf, doc, docx, jpg, jpeg, png.

Nie-akademiese dokumente wat ons nodig het

Wat ons nodig het	Van wie	Addisionele inligting
Studentesteunvorm	Studente met gestremdhede wat ondersteuning nodig het	
Fakulteit-spesifieke dokumente	Portefeulje vereistes vir BA (Visuele Kunste)	Stuur asseblief jou voltooide portefeulje aan Me Yumna Williams by yumna@sun.ac.za voor of op 1 September.
Bewys van betaling (R100 nie-terugbetaalbare fooi) as jy nie aanlyn betaal nie	Aanzoekers van kwintiel 1-4 skole en internasionale aanzoekers hoef nie die aansoekfooi te betaal nie.	Lees meer oor betalingsopsies by www.maties.com .
Bewys van permanente verblyfreg, vlugteling, of asielsoekende status	Nie-Suid-Afrikaanse aanzoekers	
Getekende studentekontrak	Wanneer jy 'n aanbod aanvaar moet jy die studentekontrak aflaai, druk, teken, skandeer, en oplaai	Jy sal nie kan registreer by die Universiteit as ons nie jou getekende kontrak ontvang het nie.



Hulpbronne

[Studentesteunvorm](#)

[Portefeulje vereistes vir BA \(Visuele Kunste\)](#)

[Studentekontrak](#)

Doen aansoek voor die sluitingsdatum

Akademiese rekords wat ons nodig het as jy in jou finale skooljaar is

Wat ons nodig het	Van wie	Addisionele inligting
Finale graad 11-uitslae volgens die riglyne van die Departement van Onderwys	Aanzoekers in 'n Suid-Afrikaanse skoolstelsel	Indien die impak van COVID-19 jou graad 11-assesserings beïnvloed het, kan jy jou halfjaar-eskamenuitslae van graad 12 in die gedeelte vir graad 11-uitslae, aandui. Jou skool sal moet bevestig dat leer en onderrig nie moontlik was nie en dat die graad 11-assessering nie plaasgevind het nie. Laai asseblief die bevestiging van jou skool en jou resultate op wanneer jy jou aansoek indien.
Graad 11-uitslae (voorfinale jaar) en finale jaar skoolvakke met vlakke	Aanzoekers in 'n internasionale skoolstelsel	Indien jy by 'n internasionale skoolstelsel ingeskryf is, byvoorbeeld, Cambridge, 'n Internasionale Baccalaureus (IB) of vir 'n VSA-Hoërskooldiploma, moet jy met jou graad 11-uitslae (voorfinale jaar) aansoek doen. - Jy moet 'n lys van vakkke wat jy in jou finale skooljaar (graad 12/13) aangebied het met die vlakke van die amptelike vakke (bevestig deur die skool) aan ons verskaf. - Om te verseker dat jy die aan die vereistes vir Matrikulasievrystelling voldoen, besoek die Universiteite Suid-Afrika se webtuiste by http://mb.usaf.ac.za vir verdere inligting oor Matrikulasievrystelling.

Doen aansoek voor die
sluitingsdatum

Akademiese dokumente wat ons nodig het as jy reeds jou finale skooljaar voltooi het

Doen aansoek voor die
sluitingsdatum

Wat ons nodig het	Van wie	Addisionele inligting
Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of Onafhanklike Eksamenraad (IEB)/ Verklaring van simbole van finale skooluitslae	Aansoekers in 'n Suid-Afrikaanse skoolstelsel	
Finale skooluitslae van die Internasionale Kurrikulum (Cambridge Internasionaal, Internasionale Baccalaureus, ens.), asook School of Tomorrow	Aansoekers in 'n internasionale skoolstelsel	• Cambridge-aansoekers moet ook hulle IGCSE- of O-vlak- of GCSE-sertifikate insluit. • Jy moet aan die bepalings van Universiteite Suid-Afrika (USAf) vir Matrikulasievrystelling vir daardie stelsel voldoen wanneer jy registreer. Besoek asseblief http://mb.usaf.ac.za en kies die relevante land se inligting. • As jy die Amerikaanse hoërskoolstelsel volg, moet jy die nodige vrystellingsdokumente verskaf soos op die USAf-webtuiste vereis word by https://mb.usaf.ac.za/united-states-of-america/. • Dit is gewoonlik slegs moontlik om vir 'n amptelike sertifikaat van Universiteitsvrystelling aansoek te doen gedurende jou eerste jaar van registrasie, so die sertifikaat mag dalk nog nie beskikbaar wees teen die tyd wanneer jy vir die eerste keer registreer nie. Jy sal egter in staat wees om te registreer solank jy kwalifiseer vir die Matriekvrystelling soos deur die Universiteit bepaal.
Uitslae van addisionele vakke of vakke wat herskryf is	Aansoekers van alle skoolstelsels	Laai die addisionele uitslae op met jou aanvanklike graad 12-uitslae.

Akademiese dokumente wat ons nodig het as jy tans by 'n tersiêre instelling (insluitend die Universiteit Stellenbosch) ingeskryf is

Wat ons nodig het	Addisionele inligting
Finale skoolverlating-uitslae	Verwys na die inligting wat ons vir verskillende skoolstelsels vereis in die inligting aan aansoekers wie hulle skooljaar voltooi het.
Bewys van registrasie	Insluitend 'n lys van vakke waarvoor jy geregistreer is met voorlopige punte, indien dit beskikbaar is wanneer jy aansoek doen.
Volle akademiese rekords van elke voltooide akademiese jaar, insluitend uitslae.	Ons aanvaar nie aanlynresultate wat by selfdiensportale verkry is nie.

Doen aansoek voor die
sluitingsdatum

Akademie dokumente wat ons nodig het as jy 'n tersiêre kwalifikasie voltooi het (insluitend 'n Universiteit Stellenbosch kwalifikasie)

Doen aansoek voor die
sluitingsdatum

Wat ons nodig het	Addisionele inligting
Relevante sertifikate en volle akademiese rekords van elke ingeskrewe jaar, insluitend uitslae	Riglyne vir ondersteunende dokumente: - Afskrifte van jou oorspronklike dokumente moet gestempel en geteken wees deur die skool, instituut, openbare notaris, of 'n Kommissaris van Ede. Indien jy die Posdiens of Polisiediens gebruik, moet jy asseblief seker maak dat die datum, naam, handtekening, en rang van die offisier by die stempel ingesluit is. - Ons aanvaar nie aanlynresultate wat by selfdiensportale verkry is nie.
Diploma(s) en volle akademiese rekords van elke ingeskrewe jaar, insluitend uitslae	
B-graadsertifikaat(e) en volle akademiese rekords van elke ingeskrewe jaar, insluitend uitslae	
Honneursgraadsertifikaat(e) en volle akademiese rekords van elke ingeskrewe jaar, insluitend uitslae	
Meestersgraadsertifikaat(e) en volle akademiese rekords van elke ingeskrewe jaar, insluitend uitslae	
Doktorsgraadsertifikaat(e) en volle akademiese rekords van elke ingeskrewe jaar, insluitend uitslae	Vir internasionale kwalifikasies moet die bewys van voltooiing nie ouer wees as vyf jaar van die datum wat die graad toegeken is nie. Vir Suid-Afrikaanse Hoër Onderwysinstellings, moet die bewys van voltooiing nie ouer wees as een jaar nie.
Indien jou finale graadsertifikaat nie beskikbaar is wanneer jy aansoek doen nie, moet jy ons asseblief van amptelike bewyse voorsien dat jy die kwalifikasie voltooi het.	

Doen aansoek voor die
sluitingsdatum



Dien jou aansoek in

Wanneer jy jou aansoekvorm voltooi het, die [Bepalings en Voorwaardes](#) aanvaar het, en al jou ondersteunende dokumente aangeheg het, is jy gereed om jou aansoek in te dien en om jou aansoekstatus aanlyn te volg!



Algemene vraag

Wat as my aansoek en ondersteunende dokumente julle nie voor die sluitingsdatum bereik nie?

Ons kan geen aansoeke oorweeg wat ons na die sluitingsdatum ontvang het nie.



Hulpbronne

[Voorgaadse Beurse en Lenings](#)

NSFAS: <http://www.nsfas.org.za/content/>

[Studenteverblyf](#)

[Studentegelde](#)



UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018



Onthou, die feit dat jy 'n aansoek ingedien het beteken nie dat jy vanselfsprekend aanvaar sal word nie – selfs al voldoen jy aan al die toelatingsvereistes.

Ons sal jou aansoek
kontroleer



Ons sal jou aansoek controleer

- Sodra jy jou voltooide aansoekvorm en al jou ondersteunende dokumente ingedien het, sal ons jou aansoek verwerk.
- Jy sal 'n e-pos ontvang ter bevestiging dat ons jou aansoek ontvang het. Al die e-posse wat ons aan jou stuur sal ook op die Aansoekportaal beskikbaar wees.
- Ons sal jou by die e-posadres en telefoonnommer wat jy aan ons verskaf het, kontak om jou in kennis te stel of jou aansoek suksesvol was.



UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018

Volg jou aansoekstatus



Volg jou aansoekstatus aanlyn

Teken aan op die Aansoekportaal om jou aansoekstatus te volg en om seker te maak daar is geen uitstaande inligting nie. Gebruik jou gebruikersnaam (e-posadres) en wagwoord om aan te teken.



Hulpbronne

[Aansoekportaal](#)



Algemene vraag

Wat beteken dit om voorwaardelik aanvaar te word?

As jy aansoek doen, maar jy het nog nie jou finale eksamen afgelê nie, mag ons jou toelaat op voorwaarde dat jy jou finale NSS- of gelykstaande eksamen slaag en dat jou uitslae aan die voorwaardes vir die program waarvoor jy aansoek gedoen het, sal voldoen. Wanneer jy jou finale uitslae ontvang, kan ons 'n finale aanbod aan jou maak.

Aanvaar ons aanbod

Wanneer jy meer as een aanbod ontvang

As jy vir meer as een program aansoek gedoen het mag jy dalk meer as een aanbod van ons ontvang. Jy mag egter net een aanbod aanvaar.

Voorwaardelike aanbod

As jy met jou graad 11-uitslae aansoek doen, mag ons jou toelaat op voorwaarde dat jy jou finale NSS- of gelykstaande eksamen sal slaag en dat jou resultate aan die minimum toelatingsvereistes voldoen vir die program waarvoor jy aansoek gedoen het.

As jy meer as een voorwaardelike aanbod ontvang, moet jy een aanbod

teen 30 September aanvaar, anders sal die aanbod verval.

Finale aanbod

Ons sal 'n finale aanbod maak gebaseer op jou finale graad 12-uitslae wat aan die begin van die volgende akademiese jaar bekendgemaak word. Jy het drie dae om ons aanbod te aanvaar, waarna die aanbod verval.

As jy reeds jou finale skooljaar voltooi het en met jou graad-12 punte aansoek doen sal ons jou oorweeg vir 'n finale aanbod of aanbiedinge. Jy moet een van daardie aanbiedinge aanvaar binne die spertyd wat in die aanbod aangedui word.



Algemene vraag

Wat as ek 'n aanbod van die hand wys, maar later van plan verander?

As jy 'n aanbod geweier het, maar later van plan verander, moet jy die Kontak- en kliëntedienssentrum kontak by info@sun.ac.za. Die Fakulteit kan dan besluit of hulle jou versoek sal oorweeg.



Maak dit amptelik

Wanneer jy 'n aanbod vir die eerste keer aanvaar (hetsy dit 'n voorwaardelike of finale aanbod is), sal ons jou vra om 'n studentekontrak te teken. Wanneer jy 'n finale aanbod aanvaar en jou studentekontrak op gelaai het sal jy kan registreer wanneer registrasie oop maak.

Jy sal slegs kan registreer indien ons jou getekende studentekontrak ontvang het.



Hulpbronne

[Studentekontrak](#)



Kontak ons

As jy enige addisionele inligting of hulp nodig het met jou aansoek, kontak gerus ons Kontak- en kliëntedienssentrum by 021 8089111, of e-pos info@sun.ac.za, of besoek www.maties.com. Onthou om jou Aansoeker-ID te gebruik wanneer jy met ons kontak maak.

Die wetlike goed

Die Universiteit behou die reg voor om die inligting in hierdie brosjure enige tyd aan te pas indien nodig. Die inligting mag dus onvolledig of verouderd wees. Die nuutste inligting is by www.maties.com beskikbaar en by die telefoonnummers wat in hierdie brosjure verskaf is. Die inligting word hier na ons beste wete en so akkuraat moontlik soos dit met druktyd in Februarie 2021 was, weergegee. Dit bly die voornemende student se verantwoordelikheid om die gegewe inligting te verifieer.